



ecsponuus

Druk op ekonomie

Druk om rentekoerse teen die einde van die jaar te verhoog neem toe met verbruikersinflasie wat stadig besig is om toe te neem.

Die Reserwebank het die repokoers verlede maand onveranderd gelaat, maar ekonome meen dit is net 'n kwessie van tyd voor die repokoers van 5.75% met minstens .25% verhoog sal word.

Dit is weens toenemende druk op koste soos die hoër olieprys, hoër elektrisiteitskoste en voedselinflasie wat die afgelope tyd sterk toegeneem het.

Die eerste tekens van 'n voedselprysverhoging het reeds in Maart vanjaar kop uitgesteek toe graanvoerders aangedui het ons sal graan moet invoer nadat die oes weens droogte aansienlik kleiner was.

Voedsel het 'n gewig van 14% in die verbruikersprysindeks en voedselinflasie het in Maart vanjaar tot 5.9% toegeneem wat aansienlik meer is as die algemene verbruikersprysindeks se koers van 4% tot 4.25%.

Kommer bestaan ook dat Suid-Afrika teen 'n verswakte rand graan sal moet invoer wat aansienlike druk op die betalingsbalans sal plaas. Die rand het vanjaar reeds met 4% teen die dollar verswak en daar is kommer oor lande – soos Suid-Afrika – se vermoë om dollar-gedomineerde skuld teen hoër rentekoerse terug te betaal.

'n ligpunt is die graderingsagentskap Moody's Investors

Services se bekendmaking dat Suid-Afrika se kredietgradering vir die volgende twaalf tot agtien maande dieselfde sal bly. In November verlede jaar is Suid-Afrika na Baa2 afgegradeer wat toe van stabiel na negatief aangepas is.

As Suid-Afrika se gradering verder na spekulatief of rommelstatus verswak word, sal die rand onmiddellik onder verdere druk kom. Inflasie en rentekoerse sal verhoog en Suid-Afrika se toegang tot buitelandse kapitaal sal erg ingekort word.



Floris Slabber - Verkoopsbestuurder

Suid-Afrika se kragstatus kon vandag baie beter af gewees het indien Eskom destyds dieselfde roete as Telkom gevolg het. Gedeeltelike notering van Eskom kan die eerste stap wees om die bedryf te dereguleer en 'n meer pragmatiese oplossing vir Suid-Afrika se kragprobleme te vind.

Suid-Afrika se redding in die moeilike ekonomiese tye is dat ons land uitstekende finansiële markte het en steeds as die handelspoort na Afrika beskou word.

Groete,

Floris

Spaar bring welvaart

Die geheim van finansiële sukses en welvaart lê nie soseer in wat jy aan die einde van die dag verdien nie. Bepalend is hoeveel jy daarvan gaan spaar.

Die grondslag van welvaart is die besef dat jy heel eerste jouself moet betaal voor jy ander betaal.

Jou toekoms lê in jou hande. Jy is die enigste een wat jouself kan pootjie deur nie te spaar nie.

Dit is belangrik om te erken:

- Jy het nie baie geld nodig om 'n belegger te word nie.
- Dis nooit te vroeg om te begin spaar nie.
- Dis nooit te laat om te begin spaar nie.

Jou mikpunt is om finansiëel onafhanklik te word en nie net op 'n maandelikse salaris staat te maak nie. Spaargeld maak jou finansiëel onafhanklik en geldwaardig.

Suid-Afrikaners is berug vir hul gebrek aan spaarkultuur. Dis weens die feit dat finansiële dissipline nie van jongs af in hul opvoeding vasgelê is nie.

Navorsing toon dat slegs 20% van Suid-Afrikaners spaar formeel by 'n erkende finansiële instelling. Meer skokkend is dat slegs 44% van salaristrekkers in Suid-Afrika voorsiening maak by wyse van pensioen of aftree-produkte.

Warren Buffett, een van die mees welafste mense in die wêreld met bates van meer as \$70 miljard, glo onwrikbaar in die waarde van spaar. Sy advies is om eerste jou skuld te betaal en dan geld te begin spaar wat jy later kan belê.

Rentekoerse is op die oomblik baie laag en dit maak net sin dat mense hulle korttermynskuld so gou moontlik betaal voor rentekoerse begin styg. Moet ook nie nuwe skuld aangaan om bestaande skuld af te los nie.

Niemand sê dis maklik om jou skuld te betaal en te begin spaar nie. Tog is daar beproefde riglyne wat jou spaarslim en finansiëel-fiks op die pad na welvaart sal sit:

- Moenie geld leen om luukse produkte te koop nie. Die finansieringskoste van korttermynskuld soos kredietkaarte is baie hoog en beperk spaar;
- Moenie meer uitgee as wat jy verdien nie; en
- Trek 'n begroting op en maak jou "spaarpremie" deel daarvan. Betaal eerste jou "spaarpremie" voor ander uitgawes en plaas dit onder die afdeling "wat noodsaaklik is" pleks van die afdeling "wat ek graag wil hê." Die begroting spreek van jou drome en aspirasies en wys waarheen jy op pad is.

Dit is belangrik om minstens 10% van jou na-belaste inkomste na 'n spaarplan te skuif.

Dit is net so belangrik om 'n inklusiewe begroting te skep en 'n spanpoging te maak - jou hele familie daarby te betrek dat almal die waarde van geld leer en die dissipline om persoonlike geldsake te bestuur. Kinders moet van jongs af die negatiewe gevolge van skuld verstaan en die voorbeeld van ouers hê wat binne hul finansiële vermoëns lewe. Teen die tyd dat hulle tieners is, weet hulle dan reeds as hulle nie iets kan bekostig nie, is skuld nie die antwoord nie.

Om vroegtydig voorsiening te maak vir jou kinders en kleinkinders se opvoeding, is een van die waardevolste geskenke of bates wat jy ooit vir hulle kan gee.

Die heel eerste stap is om te bepaal wat die naskoolse opvoeding min of meer sal kos. As jou kind nou drie jaar oud is, sal dit oor vyftien jaar sowat R340 000 vir 'n vierjarige kursus kos. Voeg verblyf, kos en kleres by en dit kan tot R1 miljoen styg!

Jy sal minstens R200 000 vandag moet spaar en die bedrag in 'n beleggingsplan soos dié van Ecsponent Klas B belê om te verseker dat R1 miljoen se studiegeld beskikbaar gaan wees as jou kind agtien jaar oud word. Die Klas B belegging sal teen 14% (enkelvoudige koers) per jaar oor vyf jaar van R200 000 tot R340 000 groei – dus 'n totale groei van 70%. Die R340 000 word weer herbelê en groei oor vyf jaar tot R578 000. Die bedrag word vir 'n verdere vyf jaar belê om R982 000 te gee.



Spaar vir 'n blink toekoms

Die koerse bly dieselfde in die voorbeeld en geen koste word op die belegging gehef nie.

Hierdie projeksie vir ouers en grootouers toon die belangrikheid om vroegtydig te begin spaar. Bogenoemde is egter net die naskoolse studiekoste. Wat nog te sê van grootmaak- en skoolgeld? Dit is reeds algemene kennis dat dit

vandag sowat R1,6 miljoen kos om 'n kind groot te maak.

Ons moet boonop vir elke kind belê. As ouer moet jy vroeg met finansiële voorsorg begin en wat 'n plesier om dan te sien hoe jou studiebelegging van vandag saam met jou kind groei!

Die beskerming van jou rykdom is net so belangrik soos die bou daarvan.

Die algemene aandele-indeks van die JSE is op sy hoogste ooit en die markte kan maklik irrasioneel en emosioneel beweeg en verliese meebring. Kyk dus gerus na Ecsponent se voorkeuraandelebeleggings waar die koers vasgestel is en nie aan die markte blootgestel is nie. Dit gee gemoedsrus en die wete dat die opbrengs telkens inflasie klop.

Onthou om rykdom te bou gaan oor die beskerming en doeltreffende bestuur van jou rykdom. Doen dit betyds en spring paniek in jou aftreejare vry. 